DAG 15

Reinheid bring intimiteit

Lees Psalm 97.

'n Vuur trek voor Hom uit (v. 3a).
Sion is bly… (v. 8a).

Die Here wil hê dat die nietige mens nader aan Hom moet kom, selfs al sou ons bang wees vir die vuur. Hy reël 'n feesgeleentheid waar elkeen Hom sal ontmoet.

In die vuuroond ontdek ons nie net wie die Here is nie, maar wie ons elkeen werklik is. Die gelowige ontdek sy ware wese terwyl die Here Homself aan ons openbaar. Tydens die proses van God se reiniging in ons, vind daar heling en herstel plaas. Die vuur bring voltooidheid vir hulle wat die Here dien.

Die Here het nog altyd herstel belowe vir die geslag wat Hom dien. Baie mense staan op 'n afstand en neem net kennis van God se vuur. Dit is eers as ons berou het oor ons sonde, dit bely en tot 'n aktiewe bekering kom, dat ons God se vuur naby ons toelaat. Deur sy vuur wil die Here die

slegte in ons vernietig en die goeie herstel. So word intimiteit met die lewende God herstel. Wat 'n voorreg is dit nie om saam met Hom deur die lewe te loop nie! Dit is 'n wonderlike gedagte dat die Skepper van die heelal jou hele lewe met Homself wil volmaak. Hy wil sy Naam op jou lewe plaas. En jy kan hier leef as sy ambassadeur. Jou menswees word nou met sy godheid vervleg. Nou dra jou woorde die krag van die lewende Here. Jy weet nou dat Hy in jou leef en jy in Hom. Hoe wonderlik is dit nie!

Here, dankie dat ek in U kan leef en U in my.

Aantekeninge:

U kan elke maand so 'n dagstukkieboek deur die pos ontvang. Blaai net na die laaste bladsy toe en vul die inskrywingsvorm in en pos dit aan ons. Dan ontvang u elke maand 'n Boodskapper-boekie vir u stiltetyd.